PSW

# Eenheid 13: Kulturele deurgangsrites

## Graad 6

Week 5: 18 Mei 2020

Laerskool Mikro Kopiereg ©

Die Suid-Afrikaanse samelewing bestaan uit baie verskillende kulture. Elke kultuur het sy eie deurgangsrites.

Vir die volgende paar weke gaan ons kyk na die volgende fases: geboorte, doop, troues en die dood.



Laerskool Mikro Kopiereg ©

EENHEID 13

# GEBOORTE (BL.70-71)

LAERSKOOL MIKRO

## Sleutelwoorde:

| Woord | Definisie |
| --- | --- |
| Samelewing | Mense wat saam in ‘n gemeenskap bly. |
| Ritueel | Seremonie of gebeurtenis met godsdienstige of tradisionele waarde; dit word altyd op dieselfde manier uitgevoer |
| Deurgangsrite | ‘n Ritueel of seremonie wat ‘n belangrike fase van ‘n persoon se lewe inlui. |

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# BETEKENIS VAN DIE FASE:



Meeste kulture vier die geboorte van ‘n baba met rituele wat seënwense inhou. Hulle stel die nuwe baba bekend aan die gemeenskap en gee hom/haar ‘n naam.

Ons gaan vandag leer hoe dit werk in hierdie drie kulture: Xhosa, Sotho en Afrikaner

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# XHOSA-KULTUUR:

- In hierdie kultuur word die baba aan die gode/voorvaders van die familie voorgestel / bekend te stel.

- Hierdie seremonie word Imbheleko genoem.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# SOTHO-KULTUUR:

- In hierdie kultuur word die pa in water geweek as sy oudste kind 'n dogter was. (Dui op vroulike pligte wat die dogter sou nakom).

- As die oudste kind 'n seun was, sou hulle die pa met 'n stok slaan. (Dit simboliseer die seun as 'n krygsman).



Laerskool Mikro Kopiereg ©

# AFRIKANER-KULTUUR:



- Afrikaanse Christen-ouers doop gewoonlik hul babas.
- Dit is baie keer die gebruik vir ouers om hul eerste seun na die man se vader (jou oupa) en hul eerste dogter na die vrou se moeder (jou ouma) te vernoem.
- Hierdie gebruik dui op respek wat hulle vir ouer mense het.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# AKTIWITEIT 4

**Gebruik die inligting op die vorige skyfies en sê of die volgende stellings waar of onwaar is. Indien onwaar, verander die onderstreepte woord. (PROBEER OM NIE WEER NA DIE SKYFIES TERUG TE GAAN OM DIE ANTWOORD TE SOEK NIE).**

1. In die <u>Sotho</u> kultuur word die baba nie geseën nie, maar aan die gode voorgestel.

2. Die pa word in water geweek as die oudste kind ‘n <u>dogtertjie</u> is in die Sotho kultuur.

3. Die Afrikaners vernoem gewoonlik hul eerste seun na die <u>vrou</u> se pa.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# AKTIWITEIT 4 VERVOLG:


LAERSKOOL MIKRO

**Gesels bietjie met mamma, pappa, oupa of ouma oor die volgende vrae:**

- Is jy vernoem na ‘n familielid? Wie?
- Wat is die betekenis van jou naam?
- Het jy al ‘n seremonie soos die doop van ‘n baba bygewoon? Wat was vir jou spesiaal hieraan?
- Weet jy van nog ander rituele / seremonies van die geboorte van ‘n baba?

Laerskool Mikro Kopiereg ©

LAERSKOOL MIKRO




| Wat beteken jou juffrou / meneer se naam? | |
|---|---|
| **6.1 Mnr. Henk** | Vernoem na sy oupa Hendrik (sy noemnaam was Henk) wat “heerser van die huis” beteken. |
| **6.2 Juf. Anita** | Afkomstig van Spaans en beteken “genade en guns”. |
| **6.3 Juf. Maryke** | Afgelei van Maria en beteken “pragtige kind op wie gehoop is”. |
| **6.4 Mnr. Jaco** | Hy is vernoem na sy pa Jacobus en beteken “oorwinnaar, vervanger of besetter”. |

Laerskool Mikro Kopiereg ©